
"...EN VERGEWE ASSEBLIEF AL ONS SONDES, AMEN."
1 JOHANNES 1:5-10

5 Dít is nou die boodskap wat ons by
Hom gehoor het en aan julle verkondig:
God is lig, en daar is geen duisternis
in Hom nie. 6 As ons beweer dat ons
aan Hom deel het, en ons lewe in die
duisternis, lieg ons en handel ons nie
volgens die waarheid nie.



1 JOHANNES 1:5-10

7Maar as ons in die lig lewe soos Hy
in die lig is, het ons met mekaar deel
aan dieselfde gemeenskap en reinig die
bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke
sonde. 8As ons beweer dat ons nie
sonde het nie, bedrieg ons onsself en is
die waarheid nie in ons nie.



I JOHANNES 1:5-10

9Maar as ons ons sondes bely - Hy is
getrou en regverdig, Hy vergewe ons
ons sondes en reinig ons van alle
ongeregtigheid. 10As ons beweer dat
ons nie gesondig het nie, maak ons
Hom tot leuenaar en is sy woord nie in
ons nie.



I JOHANNES 1:5-10

- ONS KAN GOD NIE BEDRIEG NIE



1 JOHANNES 1:5-10

[7]Moenie julleself mislei nie: God laat
nie met Hom spot nie. Wat 'n mens
saai, dit sal hy ook oes. [8]Wie op die
akker van sy sondige natuur saai,
sal van die sondige natuur dood en
verderf oes. Maar wie op die akker
van die Gees saai, sal van die Gees die
ewige lewe oes.

GALASIËRS 6:7-9

9 Laat ons dan nie moeg word om
goed te doen nie, want as ons nie
verslap nie, sal ons op die bestemde
tyd ook die oes insamel.

GALASIËRS 6:7-9

- ONS KAN GOD NIE BEDRIEG NIE
- ONS KAN NIE ONS SONDE WEGSTEEK OF OP IEMAND ANDERS BLAMEER NIE



1 JOHANNES 1:5-10

12 Die woord van God is lewend en
kragtig. Dit is skerper as enige
swaard met twee snykante en dring
deur selfs tot die skeiding van siel en
gees en van gewrigte en murg. Dit
beoordeel die bedoelings en gedagtes
van die hart.

HEBREËRS 4:12-13

13 Daar is ook niks in die skepping
wat vir God onsigbaar is nie; alles lê
oop en bloot voor sy oë. En aan Hom
moet ons rekenskap gee.

HEBREËRS 4:12-13

## WAT BETEKEN DIT OM TE 'BELY'?

1. ERKEN DAT EK VERKEERD WAS
2. SÊ DAT EK JAMMER IS
3. VRA OM VERGIFNIS
4. MOENIE MEER SO LEWE NIE



1 Wat moet ons nou hiervan sê? Moet
ons aanhou sonde doen sodat die
genade kan toeneem? 2 Beslis nie. Hoe
kan ons wat dood is vir die sonde,
nog daarin voortlewe?

ROMEINE 6:1-2

- ONS KAN GOD NIE BEDRIEG NIE
- ONS KAN NIE ONS SONDE WEGSTEEK OF OP IEMAND ANDERS BLAMEER NIE
- DIE HERE SIEN JOU HART!



1 JOHANNES 1:5-10

- ONS KAN GOD NIE BEDRIEG NIE
- ONS KAN NIE ONS SONDE WEGSTEEK OF OP IEMAND ANDERS BLAMEER NIE
- DIE HERE SIEN JOU HART!
- DIE KRAG LÊ NIE IN WAT EK SÊ NIE, MAAR IN HOM WAT VIR MY GESTERF HET



1 JOHANNES 1:5-10

5 Oor ons oortredings is hy deurboor,
oor óns sondes is hy verbrysel; die
straf wat vir ons vrede moes bring,
was op hom, deur sý wonde het daar
vir ons genesing gekom.

JESAJA 53:5

"...EN VERGEWE ASSEBLIEF AL ONS SONDES, AMEN."

1 JOHANNES 1:5-10

